

NG GEMEENTE THABAZIMBI

BEWARINGS- EN BEWAARGEWINGS OOREENKOMS TEN OPSIGTE VAN OORSKOT IN THABAZIMBI NG KERK GEDENKTUIN

1 Die partye:

- 1.1 Die bewaarder is die Gemeente Thabazimbi.
- 1.2 Die bewaargewer (in hierdie geval die koper)

Volle name

Identiteits nommer

Adres

Nis Nommer,

Dubbel

Enkel Plasing

- 2 Aangesien die bewaarder 'n Gedenktuin op die terrein van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Gemeente Thabazimbi, opgerig het, met die doel om as bewaringsplek vir die veraste stoflike oorskotte van bewaargewers te dien en aangesien daar n sodanige behoefte by bewaargewers bestaan, kom die partye derhalwe soos volg ooreen:
- 3 Die bewaarder en bewaargewer kom hiermee ooreen dat die bewaarder die bewaargewer en/of sy/haar genomineerde se stoflike oorskot na verassing sal ontvang en in bewaring hou op die voorwaardes hieronder uiteengesit.
- 4 Voorwaardes:
- 4.1 Die bewaarder sal die bogenoemde se oorskotte hou in 'n nis, in 'n muur wat opgerig is in die tuin van die NG Kerk Thabazimbi, met 'n standaard identifikasiestein en standaard houtkis. Die nis maak voorsiening vir `n maksimum van twee persone se oorskot.
 - 4.2 Die bewaargewer se naasbestaandes of genomineerde sal verantwoordelik wees vir die plasing van die oorskot in die nis in samewerking met die bewaarder.
 - 4.3 Die inskripsie op die steen sal deur die bewaargewer gedoen word in oorleg met die bewaarder, ooreenkomstig die bewaarder se voorgeskrewe standarde en voorgeskrewe diensverskaffers.
 - 4.4 Die verassing en plasing van die oorskot in 'n nis is vir die uitsluitlike koste van die bewaargewer.
 - 4.5 Die bewaarder sal elk van die oorskotte bewaar vir n periode van 30 jaar, vanaf die laaste plasing per nis, waarna die naasbestaandes van die bewaargewer die ooreenkoms kan verleng vir n verdere periode of periodes soos ooreengekom op voorwaardes deur die bewaarder bepaal, met die bewaargewer of sy opvolger in titel ooreengekom te word.
 - 4.6 Behoudens die bepalings van paragraaf 4.5 hierbo, wanneer verskuiwings van die oorskot na 'n periode van 30 jaar gedoen word, sal die bewaarder die veraste oorskot in 'n gesamentlike grafkelder

of graf hervestig met die nodige inskripsies daarby. Die koste hiervoor is ingesluit by die aanvanklike bedrag.

4.7 Volledige rekords van alle plasings in die tuin sal deur die bewaarder gehou word.

4.8 Die bewaarder sal alles in sy vermoë doen om die oorskot in so 'n netjiese, aantreklike en toeganklike omgewing as moontlik te hou.

4.9 Die terrein sal sover moontlik toeganklik wees in ooreenstemming met toegangstye bepaal deur die bewaarder.

4.10 Die bewaargewer vrywaar die bewaarder teen alle aanspreeklikheid vir enige gebeurlikheid buite die beheer van die bewaarder asook deur kwaadwillige beskadiging of vandalisme wat die oorskot verstoort of die omgewing ontwig.

4.11 Die bewaargewer betree die perseel op eie risiko en kan nie die bewaarder aanspreeklik hou vir enige skade of verlies aan persoon of eiendom nie.

4.12 Vir die benutting van 'n nis ingevolge paragraaf 4.1 hierbo, betaal die bewaargewer aan die bewaarder by die ondertekening van hierdie ooreenkoms, 'n eenmalige bedrag soos deur bewaarder bepaal. Aansoekers sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van die aansoek en moet binne 14 dae na goedkeuring die volle bedrag inbetaal.

4.13 Behoudens paragraaf 3, indien vir enige rede die bewaargewer of sy/haar naasbestaandes sou besluit dat sy/haar oorskot op 'n ander wyse mee gehandel moet word, is die bedrae soos vermeld nie terugbetaalbaar nie.

4.14 Hierdie ooreenkoms kan gesedeer word met die nodige kennisgewing aan die bewaarder vir administratiewe en record doeleindes.

4.15 Hierdie ooreenkoms kan slegs aan die bewaarder verhandel word teen 'n bedrag van 70% van die aanvanklike koopbedrag.

4.16 Terwille van die netheid en aantreklike voorkoms van die Gedenktuin, kom die bewaargewer en bewaarder ooreen dat blomme in die houer geplaas kan word deur die bewaargewer in 'n houer soos aangebring by elke nis.

4.17 Die bewaargewer onderneem om enige adres verandering aan die bewaarder te verskaf.

4.18 Enige dispute wat tussen die partye mag ontstaan moet op 'n Christelike bemiddelde wyse deur middel van konsultasie, arbitrasie opgelos word.

4.19 Die bewaarder van die Nisse behou die reg voor om wysigings aan te bring aan die ooreenkoms soos nodig geag deur die Kerkraad. Die wysigings sal ook van toepassing gemaak kan word op reeds afgehandelde ooreenkomste.

4.20 Geen onderneming van enige aard sal bindend wees op die bewaarder tensy dit op skrif gestel is en onderteken is deur die gevolmagtigde verteenwoordiger van die bewaarder nie.

4.21 .Bewaargewer aanvaar die gebruik van die nis sal plaasvind volgens aanvaarbare Christelike beginsels en norme.

Aldus gedoen en geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20_____

Bewaargewer

Bewaarder

Getuie

Getuie